

Graad 6 Musiek: Week 5: Eenvoudige ritmiese patrone

- i. Lees die PDF “Verskillende kultuurgroepdansen” as afsluiting van laasweek se les.
- ii. Dink aan waar jy al ritmes gehoor het en bespreek die volgende met jou ma/pa/broer/suster. Jy kan dit ook in ’n joernaal skryf.

- a. Verskil hulle van mekaar?
- b. Is daar slegs ritme in musiek?
- c. Is daar ritme in ons alledaagse lewe?
- d. Wat van wanneer jy loop, skottelgoed was of speel?
- e. Watter instrumente kan gebruik word om ritmes te speel?
- f. Wat van liggaamsperkussie?
- g. Watter huishoudelike items kan gebruik word om ritmes te speel?



- iii. Doen die volgende asemhalings- en strekoefeninge:

- a. Kniel soos wanneer jy sou kruip. Asem diep in. Terwyl jy inasem, krul jou rug na die grond en maak ’n boog met jou stuitjie na die plafon. Asem daarna uit en ruil die beweging om met jou rug in ’n boog na die plafon en jou stuitjie ingetrek. Doen dit vir vier repetisies.
- b. Staan stadig op en vind jou gemaklike staan posisie – bene effens van mekaar geskei met jou arms wat langs jou sy hang. Nou, swaai ou arms eers agtertoe vir vier repetisies en dan vorentoe vir vier repetisies.
- c. Beweeg jou voete verder van mekaar af sodat hulle wyer verspreid is, maar dat jy steeds gemaklik is. Asem in en strek jou arms bo jou kop. Tel tot by drie en sak oor na jou linkerkant. Tel tot by drie en kom daarna stadig op. Doen dieselfde aan die regterkant. Herhaal dit vier keer na elke kant.



- iv. Lees “Eenheid 14: Eenvoudige ritmiese patrone” (Bl. 73)
- v. Die volgende video’s is van die *djembe*-trom. Die eerste video sal julle herken. Die tweede en derde video’s is ritmiese partone wat jy op ’n trom (jy kan selfs ’n koffieblik gebruik) sou kon speel. Probeer om twee van elk van video 2 en 3 te speel.

- a. https://www.youtube.com/watch?v=n65_ZOh7jag
- b. <https://www.youtube.com/watch?v=jUWsvuvZgh4>
- c. <https://www.youtube.com/watch?v=Wqux-4IupdU>

- vi. Lees vraag 3 a-c van aktiwiteit 14.1 en soek die antwoorde daarvoor. Jy kan die antwoorde met ’n familielid bespreek en/of in ’n joernaal neerskryf.



Soek jy 'n uitlaatklep vir jou kreatiwiteit en/of nuuskierigheid?

Dit is 'n goeie idee om 'n joernaal te hê. Die joernaal kan verskillende dinge bevat: dinge waaroor jy wil lees; fliks of reeks wat jy wil kyk; navorsing wat jy wil doen; 'n interessante plant wat jy in julle tuin gevind het wat jy gaan Google het; die name van liedjies waarvan jy hou... Die opsies is eindeloos! Vir musiek is dit ook iets baie handig. Enige onsekerhede wat jy het kan jy daarin skryf; die name van sangers of komponiste waarvan jy hou; die lirieke van jou gunsteling liedjie; jou eie idees vir liedere. Dit is jou kreatiewe spasie. Ek moedig julle aan om 'n musiek joernaal (of selfs net 'n algemene joernaal) te begin. Dit is nie 'n dagboek nie, maar jy kan selfs jou gedagtes byvoeg, byvoorbeeld wanneer jy 'n nuwe plant in julle tuin sien en jy wil graag daarvan skryf, sit dan by hoe jy gevoel het en plaas dalk 'n blommetjie van die plant daarby en pers die blommetjie. Dit kan enige boek wees of selfs 'n flip file waarin jy jou gedagtes insit. Laat jou kreatiwiteit gaan.

